PROSEDURE BY AANKOMS

- Bestuurder / Bestuurdersassistent moet by die Sekuriteitshek rapporteer om toegangspermit te voltooi En laaikaart te kry.
- Bestuurder / Bestuurdersassistent moet aan die Verspreidingsklekr rapporteer nadat toegangspermit en laaikaart gekry is.
- Na weeg van vragmotor, moet Bestuurder / Bestuurdersassistent pakstrokie kry en picking slip aanbeweeg na die Verspreidingspakhuis en die Skofsuperintendent spreek wat 'n terreininduksie sal uitvoer en u vrag bevestig

NOODGEVALLE

In geval van 'n noodgeval wat ontruiming vereis, onthou die volgende:

- Moenie paniekerig raak nie.
- Moenie hardloop nie, stap vinnig.
- Bly kalm.
- Volg instruksies wanneer gegee.
- Moenie onnodige telefoonoproepe maak nie.
- Bly weg van die rampgebied, beweeg na die aangewese versamelpunt indien sodanig versoek.

SYMBOLIESE TEKENS

Symboliese veiligheidstekens word regdeur die fabriek gebruik om mense te waarsku en in te lig.

Daar is 5 hoof kategorieë soos hieronder aangedui,

(1) Waarskuwing – driehoekig, geel en swart
(2) Verbode - rond, rooi en wit
(3) Verpligtend – rond en blou
(4) Inligting algemeen – vierkantig groen
(5) Inligting brand – vierkantig, rooi

RAPPORTERING VAN INSIDENTE EN ONGELUKKE

Oor die algemeen moet onthou word dat alle insidente wat 'n besering aan 'n persoon of skade aan eiendom veroorsaak het of kon veroorsaak het, moet onmiddellik aan sekuriteit of u gasheer gerapporteer word.

VOERTUIG- & VOETGANGERVEILIGHEID

- U betree nou Voermol Voere se eiendom.
- Maak seker u bestuur te alle tye versigtig.
- Alle bestuurders moet in besit wees van 'n geldige bestuurderslisensie.
- Die maksimum spoedbeperking van 10 km/h moet te alle tye nagekom word.

- Wees ekstra versigtig wanneer u agteruitry ***(kondukteur moet u vragmotor lei by agteruitry.)***
- Bestuurders moer bewus wees van voetgangers.
- Geen persone word agter op bewegende treilers of vragmotors toegelaat nie.
- Veiligheidsgordels moet gedra word soos op die ooppad.
- Enige bestuurder wat roekeloos bestuur sal verbied word om die maatskappy eiendom binne te gaan.
- U mag te eniger tyd aan 'n alkoholtoets onderwerp word terwyl u op die perseel is.

ALGEMENE REËLS TERWYL BY VOERMOL-FABRIEK

- Persone wat uit hul vragmotors klim, moet seker maak hulle dra toe skoene.
- Geen vuurwapens word op die perseel toegelaat nie (Kluise word by Sekuriteit voorsien).
- Geen kinders word in die Fabriek toegelaat nie.
- Geen alkohol word op die perseel toegelaat nie.
- Geen persoon onder die invloed van drank of dwelms word op die perseel toegelaat nie.
- Geen kameras mag die perseel binnegebring word nie en neem van foto's word nie toegelaat nie.
- Gehoorsaam alle veiligheidstekens op perseel.
- Die gepaste Persoonlike Beskermingstoerusting (PBT) moet op die perseel gedra word. (Indien u onseker is, raadpleeg die Veiligheidsafdeling.)

- Brandbestrydingstoerusting mag vir geen ander doel as vir brandbestryding gebruik word nie.
- Geen ongemagtigde verwydering van eiendom word toegelaat nie.

Seile

- Bande/Gespes moenie oor die vrag van die vragmotor/treiler gegooi word nie.
- Bande/Gespes moet bo-op die vrag van die vragmotor/treiler gegooi word en dan grond toe laat sak word.

DIE OMGEWING & ISO 14001

Voermol Voere handhaaf 'n Omgewingsbestuurstelsel (OBS) gesertifiseer tot ISO 14001.

Die OBS behels onder meer:

- H□erwinning
- Vermindering van afval
- Beheer van uitlaatgasse
- Beperking van natuurlike hulpbronne tot die minimum
- Verlaging van uitvloei
- Om die omgewing skoon te hou
- VOERTUIE MAG NIE OLIE OF BRANDSTOF LEK NIE. (In geval van lekke rapporteer aan die betrokke Afdelingshoof)

Voermol Feeds

Welkom by

VOERMOL VOERE SE FABRIEK

Veiligheid, Gesondheid, Omgewing & Sekuriteit

Vervoerders se Inligtingspamflet

Spoedbeperking 10 km/h

VOERMOL